

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Jesus Christus as die Weg! ?

Skriflesing: Handeling 17:22-31 (1953)

Broodjies vir die pad

Religion played many roles in the ancient world: personal comfort, public ceremony and cohesion, and philosophical inquiry. Luke presents an encounter by Paul with philosophers in Athens. Paul starts with a deist argument with which any religious person might sympathize but then he proclaims that all past religious inquiry have come to fruition in the one whom God "has given assurance to all by raising him from the dead."

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2011/05/sixth-sunday-of-easter-year.html>



Maartlelie

Op die aarde hou die swaartekrag die pienk sterretros vas.

Net voor die Heer se hemelvaart bloei die mooi lelie van Maart.

Dan verskrimpel hy tot niks en bly blom net in ons hart.

"Dis die Jirre se blom
wat hou in die veld
en die Jirre pas hom op
sodat hy hierdie tyd elke jaar
vanselwers aan die kale stingel opkom."

Trienke Laurie 2014

<http://versindaba.co.za/2014/05/20/trienke-laurie-drie-gedigte>



Gedagtes by reünies en ander vieringe

Dirkie Smit

Daar is iets pynliks aan ouer word – vir vele mense en om vele redes. Vir sommige weens die aftakeling – en die groeiende gevoel dat ons nie meer kán nie. Vir ander weens die afskeid – en die knaende wete dat ons nooit weer sál nie. En vir láásgenoemde hoef ons boonop nie regtig oud te wees nie; die blote ouer word, van kleintyd af al, bring onvermydelik afskeid, oorgange, eindes. Wat is, gaan verby. Wat was, kom nie weer nie. Ons ken dié gevoel, al verwoord denkers en tradisies dit hóé verskillend.

In óns kerklike tradisie sou 'n gebed by die doop vroeër praat van "die lewe wat niks anders is as 'n gestadige dood nie". Maar lank tevore sou die Griekse denker Heraclitus al sê dat ons nooit twee maal in dieselfde rivier kan swem nie – en presies dít bedoel. Alles verander, alles gaan verby, soos 'n stroom. Presies soos dit was, sal dit nooit weer wees nie. Almal ken dié ervaring. Dáárom kan dit so pynlik wees om terug te keer na hoe dinge eens was – huise waar ons eens gewoon het, omgewings waar ons eens tuis was, plekke wat ons eens geken het, ervarings wat ons eens gehad het, insidente, verhoudinge, mense. Wie geluk bly soek waar dit eens wás, mag meesal teleurgesteld en ontugter staan. Want niks is ooit dieselfde nie.

Wie onthou nog Ella Fitzgerald se klaende weergawe van "ev'ry time we say good-bye, I die a little"? Elke afskeid is 'n stukkie afsterwe – en dit geld nié net van kinders en geliefdes nie, maar van ons hele lewe. Van momente, tye, fases vir altyd verby. Van kennis en vriende uit dae nou vergange. Van ervarings en vreugdes van gister. Herinneringe bring daarom dikwels iets pynliks met hulle mee. By begrafnisse, aftredes, reünies. Vanweë foto's, herdenkings, huldigings. "Every time we say goodbye . . ."

Wie dié pyn wil vermy deur die nou en hede ewig te probeer vashou, sal altyd ontugter bly staan, met leë hande. Dis treurig, ja, tragies, dié vergeefse strewe – so tipies van ons tydsgees – om ons ouer word te wil ontken en negeer deur tot elke prys te probeer vashou en behou, vasklou en vergaar. Die stroom vloei voort. Dis juis die wonder van ouer word, anders stagneer ons. Afskeid is déél van lewe. Lewe is gestadige dood – en dis goéd so. Elke afskeid maak ook immers núút en vrý. Ons kan die verlede nie terugbring, die hede nie laat voortduur, niks en niemand vir altyd vashou nie. Dit word ander se beurt.

Dis juis die verganklikheid wat elke oomblik so wonderbaar maak, die kortstondigheid, elke belewenis so kosbaar. So eenmalig en onherhaalbaar. Dis juis omdat ekstase nie duur nie dat ons dit so intens waardeer – die oomblik, skoonheid, vreugde. Of dit nou musiek is, geselskap, omhelsing, of 'n beker koffie. Wat vir altyd sou duur, sou tog skaars vreugde bied? Dis tog juis die afskeid wat die dankbaarheid wek? Dis dié dat die gebed in die formulier kon praat van gestadige dood. Dis bedoel as diepe dánk, omdat ons dit getróós kan belewe, vol blydschap en verwondering, dié ouer word met al sy afskeid.

<http://www.dieburger.com/opinie/2014-05-17-gedagtes-by-renies-en-ander-vieringe>

Brood vir die pad

Die lewe is 'n werkwoord

Marlies Taljard

Consciousness is the motive power behind all creation and change, the conductor of the music to which the polar partners of Yin and Yang, Heaven and Earth, male and female dance through the universe. The science of quantum physics has

recently verified the decisive role played by consciousness in the transformations of energy and matter, but the *I Ching* has taught this truth for thousands of years. Its pages provide us with a reliable way to foresee how the intricate interplay between the Three Powers of Heaven, Earth, and Humanity (i.e. energy, matter, and spirit) in a person's life now give rise to particular results later, and how the tides of change which mold the future may be favorably influenced by timely decisions in the present (Richard Wilhelm).

In sy voorwoord tot die *I Ching* sê Daniel Reid die lewe is in eerste instansie 'n werkwoord – dit is die belangrikste beginsel wat dié enigmatiese boek onderlê, die rede waarom dit ook *Die Boek van Verandering* genoem word. Beweging, aktiwiteit, proses en verandering is die basiese beginsels waarop alles in die heelal funksioneer. Die mens wat dié beginsel van dinamiese balans, Yin-Yang, verstaan, is in staat om op aarde te leef soos in die hemel. Die tweede basiese beginsel wat die *I Ching* leer, is dat die toekoms bestaan uit 'n oneindige kombinasie van moontlikhede of toevallighede wat egter op 'n nie-rasionele vlak deur die deelnemer aan die gebeure beïnvloed word. Reid beweer:

The *I Ching* offers us a precise view of our present situation, identifies the key currents of change that govern it, and indicates how the situation in question is unfolding, where it's leading us, and what choices we can make now in order to influence the process of change in a favorable direction.


Die *I Ching* is een van die oudste tekste op aarde – kenners reken dat dit die gedokumenteerde geskiedenis voorafgaan tot in die mitiese verlede. Volgens Richard Wilhelm, wat die inleiding skryf tot Baynes se vertaling van die *I Ching*, is dit een van die belangrikste boeke op aarde. Dit werp lig op die werk van Lao Tse en sy dissipels, sowel as op verskeie aksiomas wat in Confucius se werk voorkom. Dit is die enigste belangrike boek wat die boekverbranding onder Ch'in Shih Huang vrygespring het. Die eerste orale weergawes van die *I Ching* mag moontlik reeds voor 3 000 vC bestaan het. Die oudste manuskrip van die werk dateer uit ongeveer 475-221 vC. Wilhelm skryf oor dié werk:

... a living stream of deep human wisdom was constantly flowing through the channel of this book into everyday life, giving to China's great civilization that ripeness of wisdom, distilled through the ages, which we wistfully admire in the remnants of this last truly autochthonous culture"

Hoewel die belangrikste kommentare op die boek deur Confucianiste geskryf is, word die *I Ching* reeds eeue lank deur sowel Taoïste as Confucianiste as etiese en filosofiese teks gebruik. Leke beskou die *I Ching* gewoonlik slegs as 'n divinasiesisteem of as 'n reeks toerspreuke deur middel waarvan die toekoms voorspel kan word, maar Chinese en Japannese filosowe waarsku reeds vroeg teen sodanige onderskatting van die werk. Koning Wên het in 1150 vC die stom heksagramme waaruit die teks tot op daardie datum bestaan het, toegelig met raadgewinge vir die regte gedrag in al die moontlike situasies wat deur die yin- en yang-patrone gesimboliseer word. Dit is veral Confucius se kommentare wat die teks getransformeer het van 'n divinasiewerk tot 'n filosofiese teks. Oor die kommentare, wat in ons tyd as integrale deel van die *I Ching* beskou word, skryf Wilhelm in sy voorwoord:

In its judgments, and in the interpretations attached to it from the time of Confucius on the Book of Changes opens to the reader the richest treasure of Chinese wisdom; at the same time it affords him a comprehensive view of the varieties of human

experience, enabling him thereby to shape his life of his own sovereign will into an organic whole and so to direct it that it comes into accord with the ultimate tao lying at the root of all that exists.



Die *I Ching* het tallose Chinese filosowe beïnvloed, maar ook Westerse akademici en kunstenaars gebruik dit steeds in uiteenlopende rigtings soos letterkunde, psigoanalise, musiek, dans en drama. Deur bloot die *I Ching* op enige willekeurige plek oop te maak, behoort dit die leser te tref dat die teks besonder noue ooreenkoms met literêre tekste vertoon, veral weens die gekonsentreerde, simboliese aard van die kommentare. Verder vereis interpretasie van die *I Ching* besondere insig in die menslike kondisie en die eie psige, asook die vermoë om abstrak te dink en simbole te interpreteer. Dit is daarom nie verbasend dat ook Carl Gustav Jung besondere belangstelling in die *I Ching* toon om toegang tot wat hy die Onbewuste noem, te verkry nie. Daarom antwoord die *I Ching* hom waarskynlik op sy vraag: "Wat is u?": "Ek bevat voedsel vir die siel." Jung lees in sy vraag aan die orakel verder die antwoord dat ons vandag nie meer die ondersteuning van die wyse orakel geniet nie. Omdat ons nie daarin glo nie, verbeur ons die diepe insig wat uit die teks geput kan word en daarom kan ons onself nie meer uit die labirint wat die noodlot om ons gespin het en uit die donkerte van ons menslike natuur bevry nie.

Jung wys daarop dat Westerse wetenskap op die beginsel van kousaliteit gebaseer is. Juis daarom is dit vir Westeringe moeilik om die beginsels wat die *I Ching* onderlê, te verstaan. Die *I Ching* aanvaar naamlik nie kousaliteit as aksiomatiese waarheid nie, maar funksioneer volgens die beginsel wat Jung sinchronisiteit noem, met ander woorde die konsep dat aspekte van toevalligheid in gebeure wat in tyd en ruimte plaasvind, meer is as sinnelose toeval, maar dat daar 'n buitengewone interafhanklikheid bestaan tussen bepaalde objektiewe gebeure en die subjektiewe (psigiese) toestand van die betrokke persoon of persone wat deel is van dié gebeure – 'n konsep wat ook deur Kant aan die orde gestel word in sy Kritiek van Suiwer Rede. Hierdie beginsel, tesame met 'n onderbektoneering van kousaliteit en chronologie is eweneens belangrike beginsels van modernistiese en postmodernistiese literêre tekste.

Jung wys daarop dat ons in ons verkenning van die onbewuste soms op uiters eienaardige dinge afkom, dinge wat die rasionalis summier verwerp en ontken. Die irrasionele volheid van die lewe het hom as psigoanalise egter geleer om geen moontlikhede uit te sluit nie, selfs nie al weerspreek dit alle voorafgaande teorieë en verwagtinge nie, of al bly dit onverklaarbaar nie. Met hierdie ingesteldheid behoort enige lesing van die *I Ching* benader te word:

He who has perceived the meaning of change fixes his attention no longer on transitory individual things but on the immutable, eternal law at work in all change. This law is the tao of Lao-tse, the course of things, the principle of the one in the many. That it may become manifest, a decision, a postulate, is necessary. This fundamental postulate is the "great primal beginning" of all that exists ... (Richard Wilhelm)

<http://versindaba.co.za/2014/05/18/marlies-tajard-die-lewe-is-n-werkwoord>